# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE
REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 APRIL **No. 10**


DIE HEILIGE SKRIF — Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.
**MARKUS 16:9-16**

9. Na Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bose geeste uitgedrywe het.
10. Sy het dit vir sy dissipels gaan vertel wat oor Hom getreur en gehuil het.
11. Alhoewel hulle by haar gehoor het dat Hy lewe en dat sy Hom gesien het, het hulle haar tog nie geglo nie.
12. Daarna het Jesus met 'n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland toe.
13. Hulle het dit vir die ander dissipels gaan vertel, maar dié het selfs vir húlle ook nie geglo nie.
14. Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.
15. Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.
16. Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.

# DIE HOOP VAN DIE OPSTANDING!

THE HOPE BEHIND RESURRECTION!

*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Paastyd is 'n viering van hernude hoop – 'n tyd wanneer wanhoop omskep word in vreugde deur Jesus se opstanding. En tog, midde in ons besige lewens en gedurige worstelings, voel die hoop soms ver. Daar is oomblikke wanneer ons hoop wankel, wanneer twyfel ons visie versluier, en wanneer ons sukkel om God se hand aan die werk te sien. As jy dalk al so oorweldig gevoel het deur onsekerheid, wees gerus, jy is nie alleen nie.

Die verhaal van twee dissipels op pad Emmaus toe in Lukas 24:13-35 belig hierdie waarheid kragtig. Dit herinner ons dat selfs in ons tye van twyfel Jesus langs ons is, gereed om ons geloof te laat herleef en ons hoop te herstel.

## DIE LAS VAN ONGELOOF!

Twee dissipels loop op 'n stowwerige pad, hul treë traag van droefheid en hul harte swaar weens teleurstelling. Hulle het al hul hoop op Jesus gevestig, geglo Hy is die langverwagte Messias wat Israel sou

....verv. op.bls. 3


**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***



Jy sal die geleentheid kry om saam met **Pr. S. Sam Selva Raj** te bid!

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...





**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**HON. EDITOR-IN-CHIEF**

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

**EX MANAGING EDITOR**

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**GENERAL MANAGER**

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

**ADMINISTRATION**

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

**EDITORIAL BOARD**

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**



Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858, 95661 31858

**E.MAIL**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


**"Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei.!" - Psalm 48:15**

Geliefdes in Christus,

Gegroet in die kosbare Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus! **Die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.** (2 Kronieke 7:3).

Deur God se getrouheid is ons gelei deur 55 wonderlike jare se bediening sedert ons begin in 1969. Ons besturende redakteur en ons seun Past. Alex Samson Sam wat ons bygestaan het en hand aan hand gewerk het, het sy wedloop voltooi en op13.02.2025 na die Here toe gegaan. Ons prys God vir sy lewe en bydraes tot sy missie vir die laaste 30 jaar. Ons sal weer ontmoet. Ons benodig julle gebede.

Die 56ste verjaardag van **Echo of His Call-bediening** word gehou op die 8de, 9de en 10ste Augustus by ons Santhoshapuram Skoolgrond. Spesiale sprekers sal by die byeenkomste bedien en ons nooi julle om saam te kom en saam te bid.



*Sister Angeline Selvakumari*

Ons is bly dat ons kan aankondig dat ons geliefde dogter, suster Angeline Selvakumari, Hoofredakteur, aangewys is as die nuwe Hoofleier en Funksionaris van ons kantoor, saam met ander toegewyde lede. Ons versoek ons span en bedieningsvennote om haar in gebed te dra en hulle volle ondersteuning te gee wanneer ons hierdie missie na nuwe hoogtes lei.

## 1. JOSHUA WARRIORS INTERNATIONAL!

In die afgelope drie jaar was ons **JOSHUA KRYGSMANNE INTERNASIONAAL** aktief betrokke in die volgende bedienings:

### (i) Global Vision for Youth and Kid Care:

'n Toegewyde gebedstyd is gekies vir 10 nm. elke dag in elkeen se eie land. En ons moedig jou aan om te bid:

***"Here, dink asseblief aan al die jong manne, vroue en kinders in die wêreld."***

God werk kragtig onder die jeug in ons Kerke in hierdie tyd. Jy kan inskakel by hierdie Gebedspan. So kan jy om 10 uur saans hierdie voorbidding doen elke dag waar jy lofbetuiging leef. God seën jou.

### (ii) 24-Uur Kettinggebed:

Met 'n roeping vir globale herlewing en die nood van die mense het ons 'n aaneenlopende daaglikse kettinggebed, die hele week. Ons nooi jou om deel te neem en in te skryf vir 'n een uur gebedstyd wanneer

dit jou pas. Stuur asseblief jou naam, selfoonnommer en gekose gebedstyd na ons kantoor.

**(iii) Seminare, Kampe en Werkwinkels:**

Spesiale opleidingsessies word internasionaal gelei vir jeug en kinders, oor denominasie-grense heen om jong mans en vroue oor die wêreld op te rig as getuies vir ons Here Jesus Christus.



*Sister Andrea Christmas Henry*

As jy belangstel om deel te wees van hierdie wêreldwye gebedsbediening, kan jy gratis inskryf, en ons sal jou op hoogte hou met nuus en getuienisse. Suster Andrea Christmas Henry neem leiding in hierdie bediening.

## 2. ST. PAUL MATRIKULASIESKOOL!

Ons is op soek na bekwame leiers en onderwysers vir **St. Paul Matrikulasieskool.** Ds. K. R. Rajasekaran sal die koördineerder wees.

## 3. NEHEMIA BYBELKOLLEGES!



***Ds. Dr. John Rajarathnam***

Verder funksioneer ons **Nehemia Bybelkolleges** steeds effektief.

(i) **Tamil klasse** – Velachery, Chepauk & Santhoshapuram (Aandklasse, drie dae per week – Maandag, Dinsdag, Donderdag).

(ii) **Hindi klasse** – Velachery (Inwonend).

Ds. Dr. John Rajarathnam lei hierdie aksies as Senior Hoof. Onthou hom asseblief in julle voorbidding.

## 4. ECHO OF HIS CALL-BEDIENING

Ons dank God vir ons toegewyde span Hulpredakteurs, Vertalers, Helpers, Kantoorpersoneel, DTP-personeel en Drukkers wie se onvermoeide insette ons maandelikse uitgawe van **Echo of His Call** in 16 tale verseker. Onthou ook hierdie 75 lede in julle gebede.

## 5. CHURCH MINISTRIES

Meer as 100 bedienaars dien getrou in ons Hoofkerk en Susterkerke – as Pastore, Sondagskool-onderwysers, Gebedsgroepleiers, Jeugleiers en Huis Gebedsgroep koördineerders. Ons vra ernstig vir julle volgehoue gebede en ondersteuning vir hierdie bedienings.

Ons staan in geloof en vertrou ons Here Jesus Christus om elke behoefte te vervul deur sy mense. Ons steun nie op mense se vermoë nie, maar op God se voorsiening. Ons moedig julle ook aan om saam te bid vir hierdie bediening en dit te ondersteun soos die Here jou lei.

Die Here sal jou beloon daarvoor wanneer Hy kom.

Genade bly by julle.

In sy diens,

*ECHO OF HIS CALL BEDIENINGSPAN.*

E.mail : sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor our mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

verlos. Maar nou, met sy kruisiging vars in die geheue, lê hul drome aan skerwe. En hoewel gerugte dat Hy opgestaan het die rondte doen, het hartseer en twyfel hul gemoedere benewel.

Terwyl hulle so stap het 'n vreemdeling hulle vergesel – Jesus Self – maar hulle het Hom nie herken nie. Toe Hy vra waaroor hulle gesels, stort hulle hul hartseer en verwarring uit. En Jesus luister geduldig, maar berispe hulle toe: **"Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?** (Lukas 24:25).

Dit was nie kras nie, maar 'n sagte aanmoediging om die Skrifte se beloftes te onthou – 'n herinnering dat elke profesie, elke Goddelike versekering altyd na Hom gewys het.

Hoe dikwels is ons soos daardie twee dissipels? Ons ken God se beloftes, maar as teenstand ons tref skuif ons fokus na die moeilikhede eerder as na sy waarheid. Ons emosies oorweldig ons geloof, laat ons ontmoedig. Maar die onveranderlike werklikheid bly steeds: selfs wanneer ons Hom nie herken nie, loop Hy steeds saam met ons en wag geduldig om Homself te openbaar in ons lewens.

## JESUS, DIE GROOT VERTROOSTER!

Jesus se ongewone benadering van sy dissipels maak hierdie verhaal besonder treffend. Hy stel Homself nie gou-gou voor as 'n vername of spesiale iemand nie. Nee, Hy wandel saam met hulle, luister na hul hartseer en lei hulle rustig tot begrip. So wys Hy sy diep insig in ons sorge. Jesus ontmoet ons waar ons stukkend en bedroef is. Hy vereis nie oombliklike geloof of verwag dat ons pyn oornag verdwyn nie. Nee, Hy is liefdevol teenwoordig met die helende krag van sy waarheid.

Dink na oor te wat jy verlore gevoel het – dalk toe 'n verhouding geëindig het, of jy jou werk verloor het, of onoorkomelike mislukkings. In daardie tye het jy dalk gewonder of God stil bly. Tog, die waarheid is dat Hy heeltyd daar was, langs jou terwyl Hy praat deur sy Woord en geduldig wag dat jy Hom sal herken. Jesus nooi ons om ons laste na Hom toe te bring en Hom toe te laat om ons droefheid te verander in hoop. Johannes 11:25 verklaar juis: **“Ek is die opstanding en die lewe.”** (Johannes 11:25). Dis nie 'n belofte vir die verre toekoms nie, maar vir elke dag se uitdagings.

## DIE KRAG VAN GOD SE WOORD!

Terwyl hulle so loop het Jesus begin om die Skrifte vir hulle uit te lê. Hy het gewys hoe elke profesie, van Moses tot by die Psalms, gewys het na sy lyding en uiteindelike heerlikheid. Stel jou voor die diepte van daardie gesprek: elke woord, elke profesie, elke vooruitsig kom skielik tot lewe. Geen wonder dat hulle toe later uitroep: **“Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?”** (Lukas 24:32).

## DIE LEWENDE WOORD EN DIE BELOFTE VAN OPSTANDING!

Die Bybel is nie 'n argiefstuk nie; dit is 'n lewende, aktiewe gids (Hebreërs 4:12) wat vandag nog aanhou praat met ons harte. Wanneer ons in die Woord delf, nooi ons God se waarheid om die twyfel en vrese wat ons vrede bedreig, stil te maak. Die dissipels het nie fisiese bewys benodig dat Jesus daar was nie, nee, hulle het die verligting wat kom uit die verstaan van sy Woord nodig gehad. En toe daardie verligting hulle wanhoop deurbreek, het hul harte gebrand van nuwe hoop.

Oordink Romeine 6:4 wat sê: **Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.** Hierdie nuwe lewe is gebou op die fondament van opstandingshoop, 'n hoop wat ons van binne omkeer, ons gees vernuwe in die donkerste oomblikke.

## DIE BELOFTE VAN OPSTANDING!

Die opstanding is nie maar net 'n geskiedenis gebeurtenis na die paasfees-dag nie, dit is die hoeksteen van ons geloof en die top bewys van God se mag oor sonde en dood. In 2 Korintiërs 15:20-22 verklaar Paulus: **Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.** Hierdie diepgaande waarheid verseker ons die dood is nie die einde nie, ook nie ons toetse en mislukkings nie.

Jesus se oorwinning oor die graf waarborg dat ons ook ons omstandighede kan oorwin. Wanneer lewensmoeilikhede ons oorweldig skuif die opstanding ons fokuspunt: ons huidige lyding is tydelik, maar die hoop op ewige lewe is onwankelbaar. Nie dat ons die pyn kan ignoreer nie, maar dit nooi ons om dit te sien deur die lens van Christus se oorwinning. In Hom het ons die krag om te verduur, die moed om te hoop, en die belofte van 'n toekoms verby wat ons kan sien.

## HOOP IN BEPROEWING!

Lewe in die lig van opstandingshoop beteken nie die lewe gaan sonder uitdagings wees nie. Paulus herinner ons in Romeine 8:18 – **Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.**

*....verv. op.bls. 6*

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2025 April 19 Tot 2025 Mei 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God ...

**April 19** ➲ Vir sy leiding in al die aksies van **St.Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkollege.**

**April 20** ➲ Vir seën oor ons organisasie dat ons gekwalifiseerde en toegewyde nuwe kandidate kon werf.

**April 21** ➲ Vir die lewe en gesinne van al ons Hulpredakteurs.

**April 22** ➲ Vir sy seën oor ons Kerke, Sondagskool, Jeugbediening en Hospitaal uitreik-programme.

**April 23** ➲ Vir ons **Echo of His Call** mederedakteurs en hul gesinne.

**April 24** ➲ Vir sy guns op ons **Bybel Korrespondensiekursus (Bybelcor)** en **Teologiese Korrespondensie-kursusse.**

**April 25** ➲ Dat Hy ons organisasie se werknemers en hul gesinne seën en so hul welsyn en beskerming verseker.

**April 26** ➲ Vir die kragtige getuienisse wat volg op ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj se vyf minute YouTube boodskappe.

**April 27** ➲ Vir sy voorsiening en leiding vir die 2024–2025 finansiële jaar.

**April 28** ➲ Vir sy oorvloedige seën op ons publikasies, in 16 tale gedruk met ons drukpers, en versprei na die sendingveld.

**April 29** ➲ Vir sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdrag-vennote saam met hul gesinne.

**April 30** ➲ Vir sy inspirasie en versterking van ons jeug om aktief deel te neem aan al ons kerklike aksies.

**Mei 01** ➲ Vir die volgehoue toewyding van ons sendingwerkers.

**Mei 02** ➲ Vir Goddelike beskerming vir alle nasies in die wêreldwye onrus en dreigende oorlog.

**Mei 03** ➲ Vir die buigsaamheid van ons Christelike bedienings wat floreer ten spyte van politieke en godsdienstige teenstand.

### Bid asseblief vir ...

**Mei 04** ➲ Toelating van verdienstelike studente in ons Inwonende en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** vir die 2025–26 akademiese jaar.

**Mei 05** ➲ Die inskrywing van nuwe studente in **St. Paul Matrikulasieskool** vir die 2025–26 akademiese jaar.

**Mei 06** ➲ Kerke oral dat siele gewen word en herlewing beleef word.

**Mei 07** ➲ Die gladde verloop van ons Evangelie Drukpers en sy daaglikse werkverrigting.

**Mei 08** ➲ Eenheid en harmonie onder alle werknemers van ons organisasie.

**Mei 09** ➲ God se seën oor ons hulpredakteurs en hul gesinne.

**Mei 10** ➲ Sy voorsiening in die geldelike behoeftes van al ons bedienings.

**Mei 11** ➲ 'n Einde aan alle vervolging teen bedienings en sendelinge.

**Mei 12** ➲ Goeie gesondheid en krag vir ons sendelinge en dienaars van God en hul gesinne in Noord-Indië.

**Mei 13** ➲ Goddelike beskerming teen uitermatige weerstoestande wat die wêreld raak.

**Mei 14** ➲ Moeders wat hul kinders selfloos opvoed.

**Mei 15** ➲ Pasiënte oral wat lang siekbeddens verduur en terminaal siek is.

**Mei 16** ➲ Nuwe visies en leiding om sy Koninkryk op aarde uit te brei.

**Mei 17** ➲ Vrymoedigheid en geleenthede om die Evangelie te deel in onbereikte gebiede.

**Mei 18** ➲ Die groei en uitbreiding van ons bedienings in verskeie hoedanighede.

*verv. v. bls.4*

Maak nie saak hoe pynlik ons teenstand mag wees nie, dit is tydelik en kleiner as die beloofde en verwagte ewige heerlikheid.

Trouens, ons worstelinge kan dien as die grond waarin ons geloof wortel skiet en groei. Jakobus 1:2-4 bemoedig ons juis: **My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.** Wanneer ons die moeilikhede trotseer met die versekering van opstandingshoop, ontdek ons 'n krag in ons wat ons nie geweet het bestaan nie.

## 'N WARE LEWENSVERHAAL VAN HERSTELDE HOOP!

Die geskiedenis is vol verhale van enkelinge wat hernude hoop gekry het midde in oorweldigende verlies. Horatio Spafford s'n is so, 'n man wat ondenkbare smart verduur het. In 1873 het hy sy vier dogters verloor in 'n tragiese skipbreuk. Sy hartseer was onbeskryflik diep. Maar selfs in daardie wanhoop het hy vasgehou aan sy hoop in Christus.

Terwyl hy terugseil na sy vrou wat in rou was, gaan hy verby die presiese plek waar sy dogters verdrink het. En daar, op die hartseer plek, skryf hy toe die woorde van die geliefde lied: Dit is wel met my siel.

Spafford se reaksie op sy innige verlies weerkaats die tog van die Emmausgangers. Al was sy hart verpletter het sy geloof vas bly staan. Hy het verstaan dat terwyl lyding onvermydelik is, het wanhoop nie die laaste sê nie. Soos die dissipels Jesus herken het toe Hy die brood breek, het Spafford die vrede en herstel beleef van die teenwoordigheid van Christus wat opgestaan het, daar in sy donkerste oomblikke.

## LEWE IN DIE LIG VAN SY OORWINNING!

Die opstanding is meer as triomf oor die dood – dit is 'n uitnodiging om ons lewens te herwin. Romeine 8:37 verklaar: **Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.** Dit is die omvormende krag van die opstandingshoop. Dit versterk ons vir die uitdagings, herinner ons dat ons nie gedefinieer word deur ons moeilikhede nie, maar deur Christus se liefde en oorwinning.

Lewe in hierdie lig is om te vertrou dat elke besoeking 'n doel het en elke smart herwin kan word. Dit roep ons om moedig te wandel, genadig te wees, en die waarheid te omhels dat dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het, in ons woon. Dit beteken ons lewens kan getuienisse wees dat hoop, hoe broos ook al, herstel en vernuwe kan word.

## 'N OPROEP TOE HERNUDE HOOP!

Die Emmaus-verhaal is meer as net 'n geskiedenis-storie – dis 'n persoonlike uitnodiging vir elkeen. Dit herinner ons dat selfs in oomblikke van twyfel en wanhoop Jesus langs ons loop. Sy sagsinnige teenwoordigheid verseker ons dat die kruis nie die einde was nie, en ons huidige worstelinge ook nie.

### *SO KOM EK VRA JOU:*

Watter laste dra jy nou? Het jy Jesus genooi om saam met jou deur jou uitdagings se stap? Laat jy jou emosies jou geloof vorm, of staan jy stewig op die onveranderlike waarheid van God se Woord? Sal jy in hierdie Paasfeestyd kies om te skuif van twyfel na geloof, van wanhoop na hoop?

As jy sukkel om die lig te sien, bid dan nou vir 'n rukkie. Nooi Jesus in na jou swaarkry, soos Hy saam met die dissipels geloop het. Maak jou Bybel oop en oordink

NEHEMIAH BYBELKOLLEGES
Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.
HAAS JOU VIR TOELATING!
Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)
Diploma in Theology
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Bid asb. vir
Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

gedeeltes soos Johannes 11:25-26 en 1 Korintiërs 15:20-22. Laat hierdie woorde jou verseker Hy is die opstanding en die lewe. Hoe diep jou smarte ook mag wees, sy vreugde is altyd daar, en sy liefde hou nooit op nie.

## OMHELS 'N LEWE WAT OMVORM IS DEUR OPSTANDING!

Lewe met opstandingshoop is meer as net glo in 'n toekomsbelofte – dit is om hoop toe te laat om jou daaglikse lewe te vorm en te omvorm. Dit beteken jy stap uit in geloof selfs as die pad vorentoe onseker is, jy kies om te vergewe al is die wonde hoe diep, en lief te hê al voel dit onmoontlik. Soos Paulus ons in Romeine 12:2 herinner: **Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.** Hierdie vernuwing begin wanneer ons herken dat dieselfde krag wat Jesus uit die dood opgewek het in ons werk – dit verander ons harte, versterk ons gees, en heromskryf ons uitsig op die lewe.

Stel jou voor hoe verskillend jy uitdagings gaan beleef as jy werklik glo dat elke swaarkry net tydelik is, elke terugslag 'n geleentheid vir groei is, en elke traan 'n trappie na ewige vreugde. Dit is die krag van opstandingshoop – dit vul ons met 'n dapperheid omdat ons Jesus Christus ken.

## PRAKTIESE STAPPE VIR OPSTANDINGSHOOP!

Terwyl ons Paasfees en die belofte van nuwe lewe vier, hier is 'n paar maniere om opstandingshoop in jou dag-vir-dag lewe te kweek:

### 1. DELF IN DIE WOORD!

Reserveer tyd vir daaglikse lees en oordink van God se Woord. Laat verse soos Romeine 6:4, Johannes 11:25-26 en 1 Petrus 1:3 jou gees veranker in sy beloftes.

### 2. TOEGEWYDE GEBED!

Verbind jou in eerlike, hartlike gesprekke met God. Lê jou laste neer voor Hom, en luister vir sy stem wat jou verseker dat jy nooit alleen is nie.

### 3. SLUIT AAN BY 'N GEMEENSKAP VAN GELOWIGES:–

Omring jouself met mense wat jou geloof en hoop deel. Jou gees word versterk in 'n gemeenskap, en jou geloof verdiep wanneer julle getuienisse van God se vernuwende werk in jul lewens deel.

### 4. LEWE JOU GELOOF!

Laat die opstandingshoop jou daaglikse optrede vorm. Of jy iemand vergewe, of goedhartig is teenoor iemand in nood, of in geloof waag al is daar onsekerheid, laat jou lewe 'n getuienis wees van die reddingskrag van Christus.

### Laaste Bemoediging:

Mag jy hierdie Paasfees ongewone omvorming beleef – van smart na vreugde, van twyfel na vaste geloof, van wanhoop na oorwinnende hoop. Jesus se opstanding is nie net 'n historiese gebeure nie, dit is die fondament van ons geloof, 'n verklaring dat hoe donker die nag ook al is, die dagbreek van sy lig sal vir ewig skyn.

Wanneer jy nou hierdie oordenking afsluit, hou vas aan die versekering dat Jesus langs jou stap

*....verv. op.bls. 9*

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

**(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)**

**"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15**

**"HY VERANDER WOESTYNGEBIED IN RIETVLEI, DORSLAND IN FONTEINWÊRELD." " — PSALM 107:35**

Ons het in 1989 in 'n huurhuis gebly en ons kerkdienste daar gehou. Daarby is ons Gebed en Beradingsentrum bedryf in 'n gehuurde gebou in C.N.K-weg. Maar uit die bloute het beide verhuurders ons aangesê om die plekke dadelik te ontruim.

Ek en my vrou was toe regeringsamptenare. Ten spyte van ons stabiele werkstatus het ons kort gekom aan genoeg geld en mense-ondersteuning, want die meeste van ons inkomste was toegewys aan verskeie bedienings van die Here. Ons het net nie geld gehad die huis, kerk en **Echo of His Call** se kantore elders heen te verskuif nie. Meer nog, daar was niemand wat vir ons kon intree by die verhuurders nie. Ons twee jong kinders het saam met ons die spit afgebyt in hierdie moeilike situasie.

Desperaat vir 'n uitkoms het ek een oggend geloop in Chepauk se strate vir byna twee ure op soek na 'n nuwe plek vir 'n tuiste, die kerk en die kantoor. Elke tree het ek God geprys en vertrou in sy voorsiening.

Op pad het ek twee huisagente ontmoet en ons dringende nood verduidelik. Hulle het kortaf gereageer: "Niemand sal hier aan julle verhuur nie. Julle bid hard, skree 'Halleluja' en sing saans met musiekinstrumente. Ons gode en godinne word kwaad hieroor en hul kragte verswak. Die gevolg is ons ly daaronder."

Ek het onverskrokke aanhou loop en vasgehou aan my geduld en hoop. Toe loop ek 'n Rooms Katolieke broer raak en deel my behoefte met hom. Hy het geluister en sê toe: "Broer, hier is 'n ou huis beskikbaar. Maar niemand wil daar woon nie want hulle glo dit spook daar. 'n Vorige inwoner het daar selfmoord gepleeg, en mense vrees dat bose geeste daar bly. Maar omdat jy met die Heilige Gees vervul is en die mag het om sulke geeste te verjaag, kan jy die huis kry vir baie min huurgeld.

Sy woorde het my blydskap en hoop gegee. Maar daar was 'n groot hindernis: ek het nie eens vyftig rupees gehad om 'n deposito vir huurgeld te gee nie.

Terug by die huis het ek gekniel en ernstig gepleit by ons hemelse Vader. En God het 'n groot wonderwerk gedoen op 'n ongelooflike manier.

Net die volgende dag sien ek 'n advertensie in die dagblad wat lees: **"Behuising Ontwikkeling Finansiële Korporasie,** in samewerking met die Regering, het 'n skema begin wat vooruitbetalings aanbied vir permanente regeringsamptenare om hul eie huis te koop. Wie eerste kom word eerste gehelp."

Sonder enige huiwering is ek kantoor toe en het dadelik aansoek gedoen. Normaalweg sou dit tot vyf jaar duur om 'n voorskot goed te keur. Maar, deur God se genade het ek die nodige bedrag in 'n verstommende kort tyd gekry. Tot my verbasing is die skema onttrek net nadat ek die geld gekry het!

Met die geld het ons 'n erf met 'n ou huis op gekoop en dit het ons nuwe blyplek geword. Ons het toe die huis, kerk en kantoor soontoe geskuif. Ten spyte van ons vrese was daar geen tekens van enige bose teenwoordigheid nie. God het wonderbaarlik vir ons voorsien – ons kerk is ingerig op die grondvloer, ons huis op die eerste vlak en ons kantoor op die tweede vlak.

'n Paar jaar later het God ons toegelaat om die ou gebou af te breek en 'n nuwe een op te rig. Vandag is ons Drukpers, Kerk, Kantoor en huis in die nuwe gebou ingerig.

Toe ek in 1994 uit die regeringsdiens getree het, het God my gehelp en die hele bedrag sonder enigiets uitstaande te betaal. Nou dien ek die Here met blydskap.

**Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!** (Psalm 34:9).

************

*verv. v. bls.7*

waar jy ook al gaan. Hy nooi jou om jou laste by Hom te los en nuwe lewe deur sy liefde en oorwinning te omhels. Mag jou hart oop bly vir die krag van sy Woord, en mag jy die krag vind om elke dag met vertroue in te gaan, terwyl jy weet jy is meer as oorwinnaar deur Hom. Laat die woorde van 2 Korintiërs 5:17 in jou gemoed weerklink: **Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.**

Gryp hierdie nuwe lewe wat Paasfees bied. Laat die hoop van die opstanding jou gedagtes verlig, jou aksies inspireer, en jou dae vul met 'n onwankelbare blydskap wat net Christus kan gee.

Watter seisoen jou lewe ook al in is, weet dat Jesus naby is. Maak jou hart oop, vertrou in sy beloftes, en wandel vrymoedig in die nuwe lewe wat Hy vir jou berei het. Mag hierdie boodskap van hoop wat in die krag van die opstanding gegrond is, 'n ligbaken wees in ou donkerste tye.

Amen!

*******

# HULDEBLYK!

My geliefde sielsgenoot, Pastoor S. Sam Selva Raj se enigste seun, **Pastoor Alex Samson Sam,** het op 13 Februarie 2025 God se Koninkryk ingegaan. Hy is nie meer by ons nie, maar sy nalatenskap bly in ons harte.



*Pr. Alex Samson Sam*

Ons betuig innige meegevoel met ons broer Sam Selva Raj, sy gesin en al die personeel van **Echo of His Call-bedienings.**

Pastoor Alex Samson Sam was 'n saggeaarde, respekvolle en buigsame mens. Sy warmte en vaste geloof het talle jong mense na **Echo of His Call-bedienings** getrek, en **Joshua Warriors International** staan as 'n getuienis van sy invloed.

Hy het die Goddelike roeping heelhartig gevolg en meer as 30 van sy 41 jaar leeftyd gewy om die Here te dien as pastoor. Hy het nooit wêreldse luukshede gesoek nie, maar sy bediening uitgevoer met 'n opofferende hart en liggaamlike lyding verduur sonder om te kla.

Hy het die groot waarheid van lewe en dood verstaan:

***Hy wat die dood verstaan word 'n oorwinnaar.***
***'n Ware wenner ken geen vrees nie.***
***Die dood het geen houvas op hom wat in geloof wandel nie.***

Baie word gebore om die vrug van die lewe te geniet, maar Pastoor Alex het 'n pad van godsvrug en selfverloëning gekies. Weens sy onwankelbare geloof sal God hom ryklik seën en 'n plek langs Hom gee – 'n getuienis van Goddelike reg op aarde en in die hemel.

Kom ons eer sy nagedagtenis, nie met hartseer nie, maar met besadigde harte. Die grootste eer wat ons hom kan betoon is om die missie van **Echo of His Call** voort te sit met volle toewyding terwyl ons weet sy gees bly by ons.



***P. Sivaprakasam***



***C. Muthu***

Met hartlike gebede,
P. Sivaprakasam &
C. Muthu & family
*(Close friends of Pr. S. Sam Selva Raj)*

## VERY URGENT NOTICE!




There may be some unavoidable difficulty in dispatching **Echo of His Call** by post in the very near future. Therefore, if you are really interested to receive **Echo of His Call** continuously, please send us your names, addresses, E.mail addresses and WhatsApp numbers through letters, E.mails, phone calls, WhatsApp or SMS messages immediately.

Please help us to serve you continuously.

**Our address:**

**ECHO OF HIS CALL,**
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai-600 005, India
Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858
E.mail: sam@echoofhiscall.org

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India
under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th APRIL 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**